

## MEDIA24 SE FLUITJIEBLASERBELEID

Laas hersien en goedgekeur op 17 November 2020

Media24-groep beskou die integriteit van sy sakebedrywighede as uiters belangrik. Daarom moedig Media24-groep alle Werknemers wat goeie rede het om te glo dat Media24-groep of enige van sy Werknemers Onbehoorlike Gedrag pleeg, aan om sodanige Onbehoorlike Gedrag ingevolge sy Fluitjieblaserbeleid te rapporteer.

### BELEID

Dit is Media24-groep se beleid om:

- i) elke opregte Openbaarmaking van Onbehoorlike Gedrag vinnig en deeglik te ondersoek en gepaste stappe te doen;
- ii) die identiteit van die Werknemer wat die Openbaarmaking doen te beskerm wanneer gepas, en hom/haar te beskerm teen weerwraak of viktimisering as gevolg van sy/haar verklikking wat te goeder trou gedoen is;
- iii) enige Werknemer of ander persoon te verbied om vergeldings- of intimiderende maatreëls in te stel teen 'n Werknemer wat te goeder trou inligting vir 'n ondersoek verskaf;
- iv) gepaste stappe teen 'n Werknemer te doen indien bevind word dat sodanige Werknemer Onbehoorlike Gedrag gepleeg het.

Daarom is hierdie Fluitjieblaserbeleid bedoel om:

- i) te help om 'n kultuur van openbaarmaking te vestig, om te verhoed dat Onbehoorlike Gedrag voorkom;
- ii) voorsiening te maak vir prosedures waarvolgens Werknemers veilig en sonder vrees vir enige Beroepsbenadeling Onbehoorlike Gedrag openbaar kan maak;
- iii) Werknemers te probeer beskerm teen Beroepsbenadeling wanneer Beskermd Openbaarmakings gedoen is; en
- iv) aan die betrokke Werknemer ondersteuning te verskaf indien 'n Beskermd Openbaarmaking tot Beroepsbenadeling lei.

### TOEPASSING

Hierdie beleid is van toepassing op Beskermd Openbaarmakings gedoen ná die inwerkingtreding van hierdie beleid, ongeag of die betrokke Onbehoorlike Gedrag voor of na die effektiewe datum van hierdie beleid plaasgevind het of nie.

### PROSEDURES

Met die oog op vinnige, onpartydige en onafhanklike hantering van alle Openbaarmakings van Onbehoorlike Gedrag, moedig Media24-groep Werknemers aan om Onbehoorlike Gedrag openbaar te maak:

***Hierdie is slegs 'n vertaling van die amptelike Engelse weergawe goedgekeur deur die Media24-direksies by die November 2020-vergaderings.***


- i) aan
- bestuur (enige persoon in 'n toesighoudende posisie) in ooreenstemming met die bestaande griewe-prosedure in die betrokke maatskappy waar die Werknemer in diens is, wat verkry kan word vanaf die mensehulpbronne-funksie van die betrokke maatskappy;
  - die kantoor van die interne ouditeur, indien 'n Werknemer redelikerwys glo dat die griewe-prosedure nie die regte medium is nie. Sodanige openbaarmaking kan skriftelik (insluitend per e-pos of faks) aan die interne ouditeur gerig word; of
  - die onafhanklike Media24-groep-fluitjieblaserfasiliteit wat hieronder beskryf word; en
- ii) wanneer
- die Werknemer eerlik en redelikerwys glo dat die openbaargemaakte inligting wesenlik waar is; en
  - sodanige Werknemer nie die inligting vir persoonlike gewin openbaar maak nie (behalwe enige beloning betaalbaar ingevolge wetgewing).

Wanneer sodanige Werknemer Onbehoorlike Gedrag openbaar maak en dit nie om 'n kwaadwillige rede of te kwader trou doen nie, sal sodanige openbaarmaking 'n Beskermd Openbaarmaking ingevolge hierdie beleid wees.

Vir die Openbaarmaking van Onbehoorlike Gedrag stel Media24-groep 'n onafhanklike eksterne fluitjieblaser-fasiliteit onder die naam "OpenLine" beskikbaar, wat deur Navex Global EthicsPoint bedryf word. Werknemers word aangemoedig om hierdie fasiliteit in toepaslike omstandighede te gebruik.

Alle Openbaarmakings van Onbehoorlike Gedrag word ondersoek deur samewerking tussen interne oudit en personeeldienste. Media24-groep se interne ouditfunksie is verantwoordelik om die proses te bestuur. Na gelang van die aard van die saak, kan interne of eksterne (forensiese) ouditeure aangestel word om die nodige ondersoek te doen.

Aangesien bewerings gegrond op gerugte sonder enige bevestigende bewyse die reputasie van onskuldige persone kan benadeel, en om die beweerde Onbehoorlike Gedrag doeltreffend te kan ondersoek, sal omvattende inligting oor aspekte soos wie, wat, wanneer, waar, hoe, en hoekom (indien dit bekend is) van die Werknemer vereis word in soverre die Werknemer in besit van sodanige inligting oor die beweerde Onbehoorlike Gedrag is. Die Werknemer sal ook enige beskikbare stawende bewyse moet verskaf.

 Dit is belangrik om daarop te let dat kwaadwillige of onwaar bewerings nie geduld sal word nie. Werknemers sal aan dissiplinêre aksie onderwerp word en kan onderhewig wees aan regspraak indien kwaadwillige en/of onwaar bewerings doelbewus gemaak word.

Indien 'n Werknemer ná die Openbaarmaking van Onbehoorlike Gedrag enige vorm van Beroepsbenadeling ervaar, kan die Werknemer die saak na die toepaslike gesag ingevolge Media24-groep se bestaande interne griewe-prosedures verwys. Indien hierdie interne griewe-prosedures uitgeput is, of indien die Werknemer benadeel word deur sodanige persoon of sodanige ander persone wat deur die gesag van die griewe-prosedures aangewys is, kan die Werknemer sy/haar geskil na die toepaslike regulerende arbeidsliggaam verwys.

***Hierdie is slegs 'n vertaling van die amptelike Engelse weergawe goedgekeur deur die Media24-direksies by die November 2020-vergaderings.***

Benewens die bestuur van die proses, sal Media24-groep se hoof van interne oudit aan die Media24-ouditkomitee verslag doen, wat weer aan die Media24-direksie verslag doen, oor wesenlike openbaarmakings wat ingevolge hierdie beleid gedoen is en wat na behoorlike ondersoek as wesenlik waar bevind is, en oor die optrede daarna.

In die geval van 'n konflik tussen die bepalings van hierdie beleid en enige arbeidswetgewing, sal sodanige bepalings van arbeidswetgewing voorkeur geniet.

Die beleid (en enige toepaslike aanhangsels) en die doeltreffendheid daarvan word jaarliks deur die direksielede van die Media24-direksie nagegaan. Die beleid is op Media24-groep se webwerf beskikbaar.

## OMSKRYWINGS

Die volgende omskrywings is op hierdie beleid van toepassing:

- i) **“Openbaarmaking van Onbehoorlike Gedrag”** beteken enige openbaarmaking van inligting oor gedrag van 'n Werknemer, welke openbaarmaking gedoen word deur 'n ander Werknemer wat rede het om te glo dat die betrokke inligting toon of geneig is om te toon dat Onbehoorlike Gedrag gepleeg is of waarskynlik sal voorkom.
- ii) **“Werknemer”** beteken enige persoon, insluitend 'n derdeparty-kontrakteur, wat vergoeding van Media24-groep ontvang of geregtig is om vergoeding van Media24-groep te ontvang vir goedere of dienste.
- iii) **“Onbehoorlike Gedrag”** beteken enige werklike of vermeende gedrag wat ooreenkomstig Media24-groep se beleid en prosedures as onbehoorlik beskou word, insluitend maar nie beperk nie tot enige van die volgende, in soverre dit 'n invloed kan hê op of verband kan hou met die sakebedrywighede van Media24-groep of 'n uitwerking kan hê op die vermoë van enige Werknemer van Media24-groep om sy/haar verpligtinge na te kom:
  - om 'n kriminele oortreding te begaan;
  - versuim om 'n wesenlike kontraktuele en/of wetlike verpligting teenoor Media24-groep na te kom;
  - pleeg van onbehoorlike gedrag, insluitend maar nie beperk nie tot finansiële of nie-finansiële wanbestuur; pleeg van of medepligtigheid aan bedrog, omkoperij of korrupsie; of onetiese gedrag;
  - wesenlike ingevaarstelling van die gesondheid en/of veiligheid van enige persoon;
  - ernstige skade aan die natuurlike omgewing;
  - onwettige diskriminasie op grond van 'n persoon se ras, kleur, godsdiens, natuurlike oorsprong, geslag, seksuele oriëntasie of gestremdheid of om 'n vyandige werkomgewing te skep deur rassistiese, seksistiese, homofobiese of ander afbrekende opmerkings oor 'n persoon se ras, kleur, godsdiens, natuurlike oorsprong, geslag, seksuele oriëntasie of gestremdheid te maak;
  - versuim om aan Media24-groep se Kode vir Sake-etiek en -gedrag en die Beleid en Prosedures uitgereik ingevolge sodanige Kode te voldoen.

***Hierdie is slegs 'n vertaling van die amptelike Engelse weergawe goedgekeur deur die Media24-direksies by die November 2020-vergaderings.***

- iv) “**Arbeidswetgewing**” beteken wette en regulasies wat van toepassing is op ’n Werknemer wat ’n Beskermd Openbaarmaking doen, soos byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995, soos gewysig, en die WBB.
- v) “**Media24**” beteken Media24 Eiendoms Beperk en sy direkte en indirekte Suid-Afrikaanse filiale. Vir die doeleindes van hierdie omskrywing beteken filiaal ’n maatskappy wat deur ’n beheermaatskappy beheer word.
- vi) “**Media24-groep**” beteken Media24 Eiendoms Beperk en sy filiale. ’n “Filiaal” is ’n maatskappy waarin Media24 ’n aandeelhouing van meer as 50% het – hetsy direk of indirek.
- vii) “**Beroepsbenadeling**” kom voor met betrekking tot die werkplek, waar ’n Werknemer, as gevolg van ’n openbaarmaking van Onbehoorlike Gedrag:
- aan dissiplinêre optrede onderwerp word;
  - ontslaan, geskors, geteister, geïntimideer of gedemoveer word;
  - gedwing word om ’n oorplasing te aanvaar;
  - oorplasing of bevordering geweier word;
  - onderwerp word aan diens- of aftreevoorwaardes wat tot sy/haar nadeel verander is;
  - ’n getuigskrif geweier word of ’n negatiewe getuigskrif ontvang;
  - ’n aanstelling in enige diens of pos geweier word;
  - met enige van bogenoemde optredes gedreig word; of
  - andersins negatief geraak word ten opsigte van sy/haar diens of posisie, insluitend werkgeleenthede en werksekuriteit.
- viii) “**WBB**” beteken enige Suid-Afrikaanse wette of regulasies wat voorsiening maak vir prosedures waarvolgens werknemers inligting oor onregmatige of ongeoorloofde gedrag deur hul werkgever of ander werknemers in diens van hul werkgever openbaar kan maak; en/of wat voorsiening maak vir die beskerming van werknemers wat ’n beskermd openbaarmaking doen, insluitend maar nie beperk nie tot die Suid-Afrikaanse Wet op Beskermd Bekendmakings 26 van 2000 (soos gewysig).

Kontakbesonderhede vir OpenLine, Naspers se fluitjieblaserdiens (bedryf deur Navex Global EthicsPoint) is:

Webwerf : <https://openline.naspers.com>

Telefoon : 0800 992 887

*Hierdie is slegs ’n vertaling van die amptelike Engelse weergawe goedgekeur deur die Media24-direksies by die November 2020-vergaderings.*